



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 25 AUGUSTUS 2024

### VEERTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

### GEMEENTE DAGBOEK

#### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Johan Janse van Rensburg moet  
eersdaags antwoord op die beroep*

#### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Jakobus 1:17-27; Hooglied 2:8-13;  
Psalm 45:1-2, 6-9; Markus 7:1-8, 14-15, 21-23

#### SONDAG, 25 AUGUSTUS

**POSDAG  
DANKBAARHEIDSONDAG  
BYBELSONDAG**

09:00 Oggenddiens – Ds Chris Barnardo  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: Gideons  
Erediensspan 4 – Robert Rootman

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentete** na afloop van die oggenddiens

#### MAANDAG, 26 AUGUSTUS

18:00 Kooroefening  
19:00 Sportmanne Bybelstudie  
19:00 Vroue Bybelstudie

#### DINSDAG, 27 AUGUSTUS

09:30 Senior Burger Bybelstudie  
18:00 Mannebybelstudie in Moederskamer  
19:00 Fondse kommissie vergadering

#### WOENSDAG, 28 AUGUSTUS

09:30 Vroue Bybelstudie  
09:30 Othello Bybelstudie  
19:00 Kerkraadsvergadering

## DONDERDAG, 29 AUGUSTUS

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal

Sopbeurte: Marietjie Mostert, Lizelle Wessels, Mariana van Schalkwyk, Ronelda Visser, Joanie Hall, Riana van Niekerk

## VRYDAG, 30 AUGUSTUS

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

18:30 vir 19:00 GEMEENTE KONSERT

## SATERDAG, 31 AUGUSTUS

## SONDAG, 1 SEPTEMBER

### VYFTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD NASIONALE BIDDAG VIR DOWES


09:00 Oggenddiens  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: Instituut vir Dowes  
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens

**GEEN Gemeentetee**

## GEMEENTENUUS

1. Doris Adamac (Othello) se suster is ernstig siek.
2. Francois Maritz (Othello) is steeds in die Intensiewe Sorg-eenheid van die hospitaal.
3. Jannie Maartins (Othello) is in die hospitaal opgeneem.
4. 'n Klein familielid van Charles en Veronica Wolfaardt (Othello) moet op 27 Augustus 'n groot operasie ondergaan.
5. Mark Lewis (Ysterhoutstraat) sterk aan na die operasie.
6. Annatjie van der Merwe (Foxhoundstraat) is oorgeplaas na die Intercare Tygervallei.
7. Christine Myburgh (Lanzeracstraat) se skoonsuster se seun is oorlede.
8. Christine Lombard (Huis De Kuilen) se agter kleinkinders was in n fratsongeluk betrokke en is ernstig beseer.



## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

25/08 Leandri Kruger, Jantjie Muller, Leon Ehlers(85), Jakes Kearney

26/08 Jan Geldenhuys, Danie Bruwer

27/08 **Tim Burrows**

28/08 Estelle Conradie, Elmien Boyes

29/08 Tia Welman, Stiaan van Zyl, Petro Combrinck, Vasti Muller,  
Ian van der Walt

30/08 Ziaan van Zyl, Heinrich van As, Werner De Koker, Cornel Loots, Zieg Marais

31/08 Elmaré Burger, Roanda Jacobs, Annette du Toit(85), Anli du Plessis



# BEROEPING VAN LERAAR

Tydens die spesiale kerkraadsvergadering van 13 Augustus 2024 is ds Johan Janse van Rensburg, tans voltydse leraar van NGK Nieuwoudtville, beroep as voltydse leraar na NGK Kuilsrivier-De Eike gemeente. Sien die Akker van 16 Augustus 2024 vir meer inligting oor ds Johan.

## VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

### DIE GIDEON BEDIENING

Die Gideons Internasionaal is 'n vereniging vir Christen sake- en professionele manne, met net een visie (droom) – OM SIELE VIR JESUS TE WEN. Ons doen dit deur persoonlike werk (getuienis) asook die verspreiding van God se woord.

Die Gideons vereniging het reeds in 1899 in die VSA ontstaan & in 1950 in SA begin. Tans funksioneer ons in meer as 200 lande wêreldwyd. Die lande sluit onder andere Rusland, Mexico en ook Groenland in. Die Gideon Testamente word in meer as 100 tale gedruk en versprei. China is een van die lande wat nog amptelik vir die Gideons geslote is, maar daar is reeds heelwat mense wat by die organisasie aangesluit het en hulle versprei reeds meer as 'n halfmiljoen Testamente in een jaar.

Met die finansiële ondersteuning van kerke en individuele Gideon vriende en natuurlik met die genade van die Here is die Gideons in staat gestel om sedert sy ontstaan meer as 2.5 BILJOEN Testamente wêreldwyd te versprei!!

Alle eer aan ons Hemelse Vader vir wat Hy reeds deur die Gideon bediening gedoen het en nog steeds elke dag doen. Daar is vele getuienisse van mense, wat deur die werking van die Heilige Gees en met 'n Gideon Testament, hul weg tot saligheid gevind het.

Sou jy dalk deur die Heilige Gees gelei word om op een of ander wyse by die bediening betrokke te raak, kontak asb een van die ses Gideons & Gideonsvroue in ons gemeente:

Jacques Odendal – 082 808 3459 of Riëtta Odendal – 082 904 0950

Eric Brand – 082 465 8620 of Louisa Brand 072 419 6411

Henk Louw – 072 837 0612 of Johanette Louw – 082 371 5717

Of stuur n epos na [GideonsBellville@gmail.com](mailto:GideonsBellville@gmail.com)

Meer inligting oor die Gideon bediening asook getuienisse is beskikbaar op ons webwerf [www.gideons.org](http://www.gideons.org)

## VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 28 Augustus 2024 om 19:00.
2. Die Eiendomme kommissie is dringend opsoek na lidmate met die nodige vaardighede om die kommissie by te staan met advies en hulp vir die instandhouding van die kerk se eiendomme. Kontak die kerkkantoor.
3. Baie dankie aan almal wat reeds 'n bydrae gegee het vir Vrouedankoffer, die bedrag van R16490 is reeds ontvang. Koeverte kan steeds in die kollektemandjie geplaas word.
4. Ds Hannes is die naweek af.

## ROLSTOELE



Neem asseblief kennis dat die rolstoel in die portaal by die hoofingang, asook in die glasportaal beskikbaar is vir gebruik by die kerk. U is welkom om dit te benut indien nodig.

## KOMMUNIKASIE-KOMITEE

Hiermee wil ons graag aan lidmate wat die gawe ontvang het om goed te kan kommunikeer, die geleentheid gee om daardie gawe namens ons gemeente aan te wend.

Ons het 'n behoefte aan 'n kommunikasie-komitee wat kan verantwoordelikheid neem vir die volgende:

- Om op alle toepaslike media-platforms (veral elektronies) die nuus van die gemeente te deel.
- Nuus te versamel uit die strukture van die gemeente. Hierdie strukture sal die kerkraad, amptenare, klein groepe en lidmate insluit.
- Nuus vanuit Sinodale- en Ringsgeledere moet ook gekommunikeer word soos wat met die kerkraad ooreengekom is.

Skakel asb Piet Rootman (0823750259) vir enige navrae.

## JAN KRIEL TEKKIE CHALLENGE

Aanlyninskrywings vir Jan Kriel Instituut se jaarlikse Tekkie Challenge is oop!

Hierdie fondsinsamelingsgeleentheid vind Saterdag 7 September by Jan Krielskool plaas. Skryf in vir die familie-vriendelike 5km pretdraf/-stap of een van die langer afstande.



Vir meer inligting, skakel 021 903 0434.

# KINDERKERK KONSERT

KNOOP DIE DATUM VAS ~ 30 AUGUSTUS 2024

Welkom De Eike!

Ons hou partytjie.  
Trek aan jul dansskoene  
De Eike is nommer een

Ons gaan nou feesvier  
Ons klap ons hande  
Ons dank ons Vader, want



**Die Kinderkerk is 10 jaar jonk!!!**

**Kaartjies @ R100 volwassenes, R50 skoolgaande kinders  
Gratis nagereg en koffie/tee tydens pouse beskikbaar.**

**BRING JOU EIE PIEKNIEMANDJIE EN VERBEEL JOU JY IS BY DIE *BARNYARD!***

Kaartjies beskikbaar by Riëtta Odendal – 0829040950. Sy sal ook Sondag na die diens tot 10:30 in die saal beskikbaar wees vir kaartjieverkope.

Gou spring, die kaartjies raak vining min!!

## EREDIENSSPANLEDE

VRYWILLIGERS BENODIG

Ons benodig gemeentelede wat kan help as Erediensspanlede.  
Robert Rootman is die spanleier en hy benodig lidmate om te help met die opneem van kollekte tydens en na die erediens, verwelkoming by die deure voor die erediens en soms iets by die deure uitdeel.

Belangstellendes kan die kerkkantoor (021 9033818) of vir Robert Rootman (072 355 8337) kontak.

Wees diensbaar!  
Erediens en Aanbidding kommissie

## KLERE EN VERE

Ons stuur in die komende week weer klere, linne en skoene aan Nuwerus, Merweville en Huis De Kuilen.

Baie dankie dat julle so gereeld bydra om dit moontlik te maak.

Onthou van ons **OpWipWinkel** by die GEMEENTEKONSERT.  
Goedkoper pryse sal jy nêrens anders kry nie en die opbrengs is vir De Eike!  
Bring jou geldjie saam.


Groetnis  
2 Vere



# KOSMANDJIE

Help, asseblief! Die Kosmandjie se spens is besonder leeg die afgelope paar weke. Hier is jou geleentheid om op 'n praktiese manier jou liefde vir jou naaste te wys. Bring 'n blikkie, 'n pakkie of 'n sakkie saam kerk toe - enigiets is welkom, veral die items wat op ons lysie verskyn.

Spenslys: koffie / tee /melk  
soya - 200g of 400g-pakkies  
blikkies - tamatie / tuna / groente  
grondboontjebotter  
tandepasta  
skottelgoedseep - 400ml of 750ml



Mandjie-groete

# BLOKRAAI KOMPETISIE

Kom toets jou kennis van die Bybel en neem deel aan ons kopkrapper blokraai kompetisies. Daar is twee kategorieë naamlik laerskool en tweedens Hoërskool en volwassenes.


Inskrywings en pryse is as volg:

**Laerskool: R30 per inskrywing**

Pryse: 1ste prys – R500 kontant  
2de prys – R300 PNA geskenkbewys  
3de prys – R200 PNA geskenkbewys

**Hoërskool en Volwassenes: R50 per inskrywing**

Pryse: 1ste prys – R1000 kontant  
2de prys – R500 PNA geskenkbewys  
3de prys – R200 PNA geskenkbewys



Voltooide inskrywings kan saam met die inskrywingsgeld by die kerkkantoor afgegee word of Sondag na kerk in die voorportaal.

Kompetisie sluit die 15de September 2024 en wenners sal teen 6 Oktober 2024 bekend gemaak word.

Inskrywings sal by die kerk beskikbaar wees en ook op al die sosiale media platforms. Versprei die inligting ver en wyd, want enige iemand kan inskryf, selfs buite gemeente grense.

Vir sommige leidrade moet na die 2020 Bybelvertaling verwys word. Indien jy nie 'n 2020 vertaling het nie, gaan kyk gerus op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se webwerf of hul selfoon toepassing. Die 2020 vertaling is daar beskikbaar, sowel as 'n soekfunksie waar bv. sleutelwoorde of name ingetik kan word en jy dan gelei word na teksverse waarin die woorde/name verskyn.

Die webwerf is [biblesa.co.za/af/bybel/AFR20/](http://biblesa.co.za/af/bybel/AFR20/)

# PASTORALE SORG KURSUS

Kursus word aangebied by NGK Kuilsrivier-Suid  
12 September – 28 November 2024  
19:00 – 21:00

Die kursus bestaan uit 11 sessies, elk oor verskillende onderwerpe en word deur verskeie persone aangebied.

Vir meer inligting kontak ons kerkkantoor.

# STADSKOOR TYGERBERG

Stadskoor Tygerberg gee om vir die gemeenskap en bied 'n verskeidenheidskonsert aan ten bate van AGS Tehuis vir Bejaardes/AFM Care Village, Kuilsrivier

Datum: Sondag 15 September 2024

Tyd: 15:00

Plek: NG Moederkerk, Van Riebeeckweg, Kuilsrivier

Koste: R150 / kaartjie

Bespreek by: Marja Swart (082 441 2372) &  
Suzette van Wyk (083 263 9335)

# SAREPTA DAMESKOOR

Die dameskoor van die VG Kerk Sarepta, wat verlede Sondag tydens ons erediens opgetree het, bied 'n konsert aan op Sondag 3 November 2024 hier by ons gemeente om 16:00. Kaartjies teen R100 per persoon is nou reeds by ons kerkkantoor beskikbaar.

Hierdie konsert is deel van hul fondsinsameling poging om hul reis na Mauritius te finansier.

Hulle is genooi om 26 September tot 6 Oktober 2025 deel te neem aan Afrika Asië koorspele.

Indien jy vir hulle 'n donasie wil gee, kontak vir Mariana by ons kerkkantoor vir meer inligting en bankbesonderhede.

Kom ondersteun gerus ons buurgemeente en geniet hul sang.

Vir meer inligting skakel 083 691 2173.



## DE EIKE POTJIEKOS KOMPETISIE

1ste prys - R2000 kontant

2de prys - Wyn geskenkpak

3de prys - Potjie geskenkpak

Inskrywings is gratis maar jy moet jou pot se inhoud skenk wat ons weer verkoop as etes op die dag.

Jou pot moet ten minste 10 mense kan kos gee en nie kleiner wees as 'n boepens nommer 3 pot nie.

Elke inskrywing sal 'n afgemerkte spasio ontvang waar hulle stalletjie opgesit moet word. Elke span is verantwoordelik vir alles wat hulle nodig het op die dag, ingesluit hulle eie gazebo en eie vuur.

Die tema vir die dag is "My hart klop warm vir..."

Elke stalletjie moet opgemaak word volgens die tema en dit dra by tot julle punt.

Elke span ontvang ook 'n geheime bestanddeel die oggend en dit moet iewers in jou ete ingesluit word. Die span word ook hiervoor beoordeel.

Elke span is ook self verantwoordelik om bykos te verskaf hetsy dit rys, stampmielies of wat ookal is.

Die kompetisie begin vanaf 10h00 die oggend en die potte moet gereed wees vir beoordeling vanaf 15h00. Stalletjies sal vanaf 13h00 beoordeel word.

Die Springbokke speel teen All Blacks om 17h00 en ons gaan ook die rugby op 'n groot skerm in die saal kyk. Daar sal biltong, droëwors, popcorn, skyfies en koeldrank te koop wees. Ons het ook 'n Stellenbrau koffiestasie wat 'n heerlike verskeidenheid koffies en warm drankies gaan verkoop. 'n Lekker saamkuier geleentheid.

Etekaartjies kos R80 per volwassene en R50 per kind onder 12. Ons sal die houers verskaf waarin die etes opgedien moet word. Etes kan afgehaal word vanaf 15h30. Kaartjies is beskikbaar by die kerkkantoor.

Ons wil graag ten minste 30 potte beoordeel, so spring sommer nou en skryf in!

**Weens die skuif van die datum het ons kansellaries gehad, ons kort nog lidmate om potte in te skryf.**

Om jou pot in te skryf stuur 'n epos aan [jacominaswart@icloud.com](mailto:jacominaswart@icloud.com) waarin jy aandui watter pot jy gaan maak, wat jou tema is en hoeveel etes uit jou pot verskaf kan word sowel as 'n kontaknommer. Meer inligting sal dan verskaf word.

Sluitingsdatum vir die inskryf van potte is Sondag 1 September 2024.

Daar gaan ook 'n verrassingsprys uitgegee word aan die Springbok ondersteuner met die mees kreatiefste uitrusting in die saal tydens die wedstryd.

Spring nou en moenie uitmis op die kans om De Eike se potjiekos koning te wees nie!



# PREEKSKETS

## TEMA – BLY IN DIE SPORE

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Spreuke 3:5-10



1. Vertrou op die Here met jou hele hart. Ons tema vanoggend is: *BLY IN DIE SPORE*. Vertroue in God beteken dat ons Hom eerste stel in ons lewens, selfs wanneer dinge nie sin maak nie. Dalk begeef jy jouself in baie moeilike omstandighede. Bly tog net in die Spore. Al verg dit dat ons ons eie verstaan en planne opsy moet skuif en God se wil en leiding moet soek. Bly in Sy spore.

2. Moenie op jou eie insigte staatmaak nie (vers 5). Moenie gryp na, op die oog af makliker kitsoplossings nie. Bly in SY Spore. Ons insigte, ons kennis en ons wysheid is beperk. Ons kan so maklik mislei word deur ons eie denke, gevoelens, of deur die wêreld se standarde. Daarom moet ons ons verstaan voortdurend aan God se Woord en leiding toets en onderwerp. In plaas daarvan om op ons eie planne staat te maak, moet ons God se wil soek in gebed, Sy Woord bestudeer en die leiding van die Heilige Gees volg. Bly in Sy Spore.

3. Ken hom in alles wat jy doen (vers 6). Om God in alles te ken beteken om in elke aspek van ons lewens Hom te raadpleeg. Dit beteken dat ons bewus sal wees van Sy teenwoordigheid in ons lewens. Dit verg volgehoue vertroue in die Here in alles waarmee ons besig is. Jou beroep, jou familie en gesin, al jou besluite en ook jou beursie. In ALLES bly in Sy spore. WANT, Om in die Spore van die Here te bly is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam. Vers 8. Om in Sy Spore te bly gee jou vrede en gemoedsrus.

4. Jesus is ons perfekte voorbeeld. Jesus wys vir ons wat dit vat om in God se Spore te bly. Jesus was gehoorsaam tot die dood toe, selfs die dood aan die kruis (Filippense 2:8). Ons is daartoe geroep om Jesus se voorbeeld te volg en in Sy Spore te bly, in die goed, beter en beste tye, maar ook in die moeilike rowwe tye: Dit is hoe ek 1 Petrus 2 vers 21 verstaan: Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.

## BLY IN DIE SPORE